DISKUSSIE

'N ANDER PROSEDURE VIR BEWAARSKRIFTE EN APPÈLLE?

Prof. M. A. Kruger vra:

Nie maklike sake nie

Dit is geen maklike saak om met 'n beswaarskrif of 'n appèl na 'n meerdere vergadering te gaan nie. Dit mag miskien by enkele kerkregkundiges minder konflik bring as by die meeste ander, maar gewoonlik word diep en ernstig geworstel voordat 'n beswaarskrif of appèl ingedien word. Ek meen dat 'n baie groot getal predikante dit nie waag om 'n beswaarskrif in te dien nie al is hulle ook oortuig dat 'n besluit wat geneem is verkeerd is. In 'n beswaarskrif of appèl is daar dikwels tot 'n mate 'n tentoonstelling van iemand se teologie. Nie almal is maklik bereid om dit te doen nie. Hoeveel minder as predikante sal ander lede van die kerk dit dan doen? Innerlik worstel 'n mens met die vraag of jy nie tog verkeerd is al sien jy dit nie. Aan die anderkant sal die gemoed van 'n gelowige ook moeilik tot rus kom as jy steeds meen iets is verkeerd en jyself doen daar niks aan nie. Die pad van 'n beswaarmaker en 'n appellant is dikwels 'n eensame pad waar ook gekies moet word om etikettering te verdra.

Omdat dit dus geen maklike saak is nie, behoort die pad vir 'n persoon wat werklik in sy gewete voel dat hy moet appelleer of beswaar maak nie nog onnodig bemoeilik te word nie. Daarom kan ons gerus weer besin of die prosedure wat ons volg nie verbeter kan word nie. Sommige mense sien medegelowiges wat beswaar maak of appelleer bloot as moeilikheidmakers. Dit is egter waar dat dit heel dikwels juis diegene is wat nie maar altyd konformeer nie, wat reformasie en vooruitgang in die kerk bring.

Myns insiens is daar voldoende rede om weer na te dink oor ons appèl- en beswaarskrifprosedure. Ek hoop nie dat ons by voorbaat so aan die tradisie gebonde is dat ons hierdie prosedure nie ten minste wil heroorweeg nie. Op gevaar af dat my eie teologie as swak beskou kan word, wil ek tog 'n ander weg aan die hand doen vanuit 'n ondersoek van Skrifgegewens. Daarby sal ek dankbaar wees as daar diskussie of kritiek kan kom, veral van kerkregkundiges en regsgeleerdes.

Probleme met die huidige prosedure

Sekere stellings wat die probleme rondom die huidige probleme aantoon, kan gemaak word:

. Besware en appèlle is dikwels *moeilik begrypbaar*, so tegnies en het so 'n geskiedenis dat dit onrealisties is om te verwag dat al die deputate na 'n meerdere vergadering dit sal deurgrond. Die gevolg is dat deputate dikwels buite stemming bly, in onsekerheid stem, of selfs stem terwyl hulle gladnie weet wat aangaan nie.

. . So word die hek wawyd-oop gemaak vir 'n *onverantwoordelike*

stap. As iemand dan nie die saak self kan verstaan nie, stem hy maar op die persoon af. Hy het meer vertroue in hierdie een as in daardie een. Hierdie kant het darem baie meer ervare mense as daardie kant. Hierdie kant voel nader aan sy politieke denke as daardie een.

. . . Omdat beswaarmakers en appellante gewoonlik bewus is daarvan dat 'n aantal deputate nie goed verstaan wat aangaan nie, maar dat hulle tog sal stem, kan die *emosionele kant* van sake maklik oorbenadruk word.

. . . . Die *tydsgebrek* (veral op Partikuliere Sinodes) is dikwels so 'n hindernis dat daar nie sprake is van behoorlike regspraak nie. . . . . Hierdie prosedure is in wese nie geskik om reg te laat geskied nie.

Die huidige praktyk in hoofsaak

Iemand wat beswaar het teen 'n besluit van 'n kerklike vergadering maak beswaar by dieselfde vergadering wat die besluit geneem het. Gewoonlik word dan die formele ontvanklikheid beoordeel en as dit in orde is word die materie behandel. Eers word 'n kommissie benoem om die saak in besonderhede te gaan bestudeer en om met aanbeveling te kom. Dan word die saak in die volle vergadering gestel. Daarna kan vrae gevra word aan die beswaarmaker of die appellant. Die kommissie gaan die saak sorgvuldig bestudeer en kom dan met aanbevelings, nie met besluite nie, terug. Op grond van die aanbevelings, die repliek wat gelewer word en die eie studie en beoordeling van die deputate word dan deur die volle vergadering die besluit geneem. *Die volle vergadering is dus die regter* wat uitspraak gee oor hierdie saak.

Behalwe vir die feit dat appèlle nie na dieselfde meerdere vergadering gaan nie, maar na die volgende een, is die prosedure in hoofsaak dieselfde.

Regsaspekte

Appèlle het altyd te doen met regsaspekte of met regskrenking, soos dit gewoonlik gestel word. Die regskrenking hoef nie noodwendig persoonlike regskrenking te wees nie. By die uitsprake word dus regsuitsprake verwag. Meestal is dit ook die geval by beswaarskrifte.

Die kern van die beswaar teen die huidige prosedure

Die kern van my beswaar teen die huidige prosedure kan gestel word as *die swewende verantwoordelikheid van die regter. Die kommissie* kan nie meer verantwoordelik gehou word nie, al het hulle ook die allerbeste studie gemaak en uitspraak aanbeveel. *Die vergadering* wat finaal besluit, moet verantwoordelikheid neem. Maar hulle is nie bevoeg daarvoor nie omdat hulle nie behoorlike studie gemaak het van die saak nie. Na so 'n uitspraak kan alleen 'n vae "sinode" sonder gesig, sonder menslike verantwoordelikheid, verantwoordelik gehou word vir die uitspraak. As persoon is hierdie regter nie aanspreekbaar nie. In sy gewete ewe eens.

Bybelse gegewens

Wanneer dit gaan oor regsprosedure in die kerk behoort ons eerstens na die Skrif terug te gaan om vas te stel hoe regsuitsprake daar gedoen is.

In die OT vind ons baie reëls vir regspraak en ook baie voorbeelde van regspraak. Familiehoofde, priesters, Leviete en konings het as regters opgetree. Regspraak is gereël in die kleiner kring, maar ook in groter groepe. (Vgl Gen 38 : 24, Eks 18 : 13—26, Dt 1 : 9 17, Dt 16 : 18— 17 : 20, Lv 24 : 10—23 en verskeie uitsprake in Spreuke o.a.)

Hoewel *in die NT* (soos in die OT) baie oor geregtigheid gesê word, is daar nie veel direkte gegewens oor regspraak van mense onder mekaar nie. Ons vind egter 'n baie belangrike mededeling in 1 Kor 6 : 1—6.

Hier gaan ons nou nie al die Bybelse gegewens volledig behandel nie, maar slegs gevolgtrekkings uit hierdie gedeeltes stel.

Gevolgtrekkings uit die Bybelse gegewens

. Alles wat moontlik is moet in regsake gedoen word om reg te laat geskied. Josafat het aan die regters gesê: "Kyk wat julle doen, want julle spreek nie reg vir die mens nie, maar vir die Here . . ." (2 Kron 19 : 6 vgl ook Dt 1 : 17 en 16 : 20).

. . By regspraak word die persoonlike verantwoordelikheid van die regter sterk beklemtoon. In die NAV word die tweede gedeelte van 2 Kron 19 : 6 soos volg weergegee: "Die verantwoordelikheid vir die reg rus op julle". 'n Regter kan voor God en die mense nie wegskram van sy verantwoordelikheid vir sy regspraak nie.

. . . Regspraak is volgens die Skrif dan ook die verantwoordelikheid van enkellinge of van kleiner groepe. (Vgl Eks 18 : 21).

. . . . Regspraak word beoefen vanaf 'n minder gespesialiseerde vlak in die klein kring na 'n meer gespesialiseerde vlak vir groter groepe. (Vgl Eks 18 : 21 en Dt 17 : 8, 9). Moeiliker sake word deur diegene beslis wat regspraak uitoefen in groter verband.

. . . . . Regters het bepaalde gawes en/of skoling nodig. In Dt 1 : 13, 15 word gestel dat 'n regter wys, verstandig en ervare moet wees. In 1 Kor 6 : 5 het Paulus dit heelwaarskynlik in gedagte as hy vra of daar in die gemeente dan nie eers een wyse is nie. Aan die ander kant is priesters en Leviete geskool kragtens hulle afsondering vir sulke sake.

. . . . . Die grofste onreg geskied daar waar 'n regter onder druk van *'n massa* wat nie kan onderskei tussen reg en onreg nie, of wat nie wil onderskei daartussen nie, swig. Dit is wat met Jesus gebeur het toe Pilatus sy verantwoordelikheid nie nagekom het nie. By 'n massa oorheers die emosie sodat dade gedoen word sonder dat iemand rekenskap gee van die dade. Wanneer 'n individu regspraak beoefen, of 'n klein groep, is daar ongetwyfeld ook emosie. Omdat hulle egter by naam rekenskap moet gee van die regspraak, is hierdie tipe regspraak van soveel hoër gehalte.

. . . . . Groter massas wat nie waarlik kan onderskei tussen wat reg of verkeerd is nie, kom wel in aanmerking vir vonnisvoltrekking op grond van 'n gedane regsuitspraak, maar nooit vir die regspraak self nie.

Die nuwe weg in die praktyk

By sommige ander denominasies is reeds stelsels wat verwant is aan wat ek hier voorstel, in swang. Ons kan by hulle leer en daarop verbeter.

Die Gereformeerde Kerke kan hierdie Skrifbeginsels soos volg in die praktyk in werking stel:

. Elke meerdere vergadering benoem deputate vir regspraak.

. . Vanaf die deputate van 'n mindere vergadering is daar *beroep* moontlik *na die soortgelyke deputate* van 'n meerdere vergadering.

. . . By uitsprake van die Nasionale Sinode is daar nie verdere appèl moontlik nie. Daar kan egter hersiening van 'n uitspraak aangevra word met goeie motivering. Die deputate kan hier bestaan uit bv drie regskundiges, die professor in Kerkreg, en twee professore onderskeidelik in OT en NT.

. . . . Die Algemene Sinode benoem deputate vir sake wat daar tuishoort. Myns insiens sal hier ook in die groep ten minste een of twee professore in Dogmatiek ingesluit moet word.

Voordele

Hierdie nuwe metode sal myns insiens veral die volgende verbeterings meebring:

. Daar sal 'n groter vertroue geskep word by persone wat wil beswaar maak of wil appelleer dat reg sal geskied met die gevolglike groter vrymoedigheid om waar nodig die pad te volg.

. . Daar sal makliker onderskei kan word wanneer 'n saak geen meriete het nie.

. . . Die verantwoordelikheid vir regspraak sal aan die regte adres gelê kan word.

. . . . Die gehalte van regspraak sal grootliks verhoog word.